



TJOKKIE

brokkies!



Uitgawe 3|3|2020

21 Augustus 2020

Uit die kantoor...

Nadat ons almal gedink het die lente is oppad, het die koue weer ons lekker kom verras en kom vasdruk in ons beddens. Ons het opgemerk dat heelwat leerders effens laat was vir skool die afgelope week. Dit wil vir my voorkom of die leerders van groep 1 telkens die “ongelukkige” groep is, wat die temperatuur aan betref. Gelukkig lyk die voorspelling goed dat die seisoen besig is om te draai, ook wat die aantal positiewe Covid-19 gevalle in die land betref. Ons moet egter nie oorgerus wees nie en steeds getrou sosiale afstand hou, hande was/saniteer en ons maskers dra. Tog bly ons hoopvol dat daar spoedig na ’n relatiewe “normaal” terugkeer kan word.

E-platform

Die skool se e-platform is die kanaal waardeur ons met ouers en leerders kommunikeer i.t.v. akademie. Ons het onlangs verbeteringe aan die kanaal aangebring om dit meer gebruikersvriendelik te maak. Ons kry egter steeds navrae van ouers om werk wat die volgende week “tuis” gedoen moet word, reeds Vrydae te laai sodat ouers dit gedurende die naweek reeds met hul kinders kan hanteer.

Dit is nie ’n onbillike versoek nie, maar dit is nie altyd moontlik nie. Deeglike beplanning neem heelwat tyd in beslag en onderwysers doen hierdie beplanning gedurende naweke. Daar is kwartaalbeplannings en assesserings met sekere uitkomstes wat teen spertye bereik moet word. Daar moet besef word dat opdragte en temas van vakke mag verskil en dat onderwysers se werkstyle verskil. Onderwysers onderneem egter om waar moontlik vroeg genoeg die werk op die kanaal te plaas sodat ouers dit betyds kan aflaai. Kom ons gee mekaar die nodige ruimte en respekteer mekaar se werkswyse.

VCSV

Juf. Liezl Hiten is terug by die skool en sy nooi graag leerlinge van Gr. 3-7 om weer vanaf 2 September by die VCSV betrokke te raak. Veral in hierdie tyd het ons baie gebed en geestelike ondersteuning nodig. Dit sal voortaan op Woensdae gedurende langpouse in groepe van 50 of minder, in die saal plaasvind waar genoeg ruimte vir sosiale distansiëring sal wees.

Somersdrag

Volgens ons jaarlikse kalender skakel ons op 1 September oor na somersdrag. Dit is egter op hierdie stadium nog baie koud en ons sal nader aan die tyd besluit of ons wintersdrag met ’n week of twee gaan verleng. Intussen is die klerebank weer oop en kan u betyds klere kom aankoop of ruil vir die komende somer.

Baie dankie aan ons anker berge! Ondersteun hulle asseblief.



VERJAARSDAE:

Die volgende personeel verjaar in die komende week. Baie geluk!

23 Aug. Juf. Lianza Grobler (Gr. 3)

23 Aug. Juf. Celetia Reinders (nuwe Gr. 6 onderwyser)

23 Aug. Mnr. Johannes Kriel (BL-voorsitter)

26 Aug. Juf Esbé Louw (Gr. 3)

Middagstudie

Middagstudie-fasiliteite is reeds weer beskikbaar vir die ouers wat daarvan wil gebruik maak. Ouers het reeds 'n skrywe ontvang met die aangepaste reëlings.

“FEESITEMS”

Aangeheg meer besonderhede oor die feesitems waaroor verlede week ook berig is.

Klas- en individuele foto's (Herhaal)

Ons neem kennis dat daar nog foto's uitstaande is. As u dalk foto's kort wat reeds betaal is, en u het die “image”-nommer, stuur dit asb. na mnr. Ryno Eckard by:

ryno@tjokkies.co.za

Die foto's wat oor geneem moet word of waar u nie 'n “image”-nommer van het nie, sal in die somermaande geneem word sodat die kleredrag ooreenstem. Hopenlik is die grendeltydperk verby. Die datum sal aan u gekommunikeer word. Baie dankie vir u begrip en samewerking.

Lentedag

SPRING-OLYMPICS

Ons gaan ons eie Olimpiese Spele aanbied om die koms van lente te vier!



Die vieringe sal op twee dae plaasvind om albei groepe te akkomodeer. Vrydag, 28 Augustus, kan die leerders van Groep 2 hul olimpiese drome uitleef, terwyl dieselfde vieringe vir Groep 1-leerders op Vrydag, 4 September, gaan plaasvind.

Elke leerder betaal slegs R5 vir die voorreg om sportklere te dra, maar elke kind sal ook 'n verrassing ontvang. Foto's sal deur die vieringe geneem word.

Betaling geskied deur Karri of per EFT. Gebruik asb. u kind se voorletter, van en klas as verwysing. (Bv. S. Marais 4C)

Om in 'n groot FEESJAAR, so in die KAALvoet geskiet te word deur 'n ou nare kiem, is vir niemand lekker nie.

Al die lekkertes van feesitems wat ons as Tjokkie-familie saam kon geniet en gebruik, is ook so half na die maan.

Hierdie nare CORONA het soos 'n wafferse PACMAN aan almal en ook Tjokkies se finansies kom vreet.

Tog het ek die vrymoedigheid om aan ons ouers en leerders die uitnodiging te rig om die feesitems wat ons nog hier het te kom opraap en iets te hou van hierdie vreemde FEESJAAR van ons geliefde Tjokkies.

Stuur e-pos na bemarker@tjokkies.co.za met u bestelling en bewys van betaling (eft → kind naam, graad en feesitems as verwysing)

Voorbeelde en pryse van items wat beskikbaar is:

Cool bag "six pack"		R125	Scrunchie		R25
Cool bag		R80	Buff		R40
Liniaal		R15	Pet		R65
Tjokkie pin		R20	Visor		R70
			Armband		R10